

OORDENKING : Dienslewering aan- en deur lidmate van die kerk

Miskien het u ook al die verhaaltjie gehoor van die gewilde klein dorpie wat hoog in die Alpe geleë was met sy gevaarlike toegangsroete.

Die pad wat na hierdie dorpie toe lei, het tussen hoë berge deur gekronkel en veral op een plek naby aan die dorp 'n baie skerp draai gemaak, waar baie toeriste ongelukke gemaak het. Soveel ongelukke het plaasgevind, dat die plaaslike dorpsraad 'n vergadering gehou het om iets aan die saak te doen. Uiteindelik is besluit om 'n ambulans aan te skaf sodat die mense wat in ongelukke betrokke is, so vinnig moontlik na die dorp se hospitaaltjie gebring kon word.


Vir 'n ruk het alles in die dorpie vlot verloop, want hul splinternuwe ambulans was op sy pos om beseerdes in padongelukke vinnig na die hospitaal te neem. Maar die hospitaal was nou nie meer in staat om al die ongevallen te hanteer nie. Hulle het te min personeel en geriewe gehad. Toe besluit die dorpsraad om nog 'n dokter en nog verpleegsters aan te stel en die hospitaal op te gradeer, wat hulle toe ook gedoen het. Die ongelukke het egter nie opgehou nie. Gelukkig was daar nou 'n goeie ambulansdiens en 'n deeglik toegeruste hospitaal – die dorpsraad was hoog in hul skik met hul goeie hantering van die probleem.

Tydens een van die dorpsraad se vergaderings het een van die nuwe raadslede egter 'n opmerking gemaak wat die ander sommer ontstig het. "Kyk," het hy gesê: " Ons het nou een van die modernste hospitale in die Alpe met die beste personeel, maar nog steeds verongeluk mense op pad na ons dorpie toe. Ons het duidelik nog nie die kern van die probleem aangespreek nie. Kom ons bou liewers 'n nuwe pad. Dan sal mense mos nie meer so maklik verongeluk nie". Hierdie voorstel het egter nie byval gevind nie. Die ander raadslede het gereageer met: " Wat sal van die hospitaal en al sy personeel word as daar nie meer voldoende pasiënte opgeneem word nie? En wat van die ambulansbestuurders?" Ander het van hulle laat hoor: "Ons kan nie aan 'n stelsel karring wat werk nie". U kan raai wat die uiteinde van die storie was: die pad is toe nooit verbeter en veiliger gemaak sodat daar minder ongelukke sou plaasvind nie.


Geagte Broer, Suster, ons het jou - met die gawes wat die Here vir jou gegee het - nodig in ons kerk. Miskien is jy die een wat raaksien wat die kernsake is wat ons moet aanspreek en waar ons waarlik 'n verskil kan maak in mense se lewens.

Miskien is jy die een wat, om die storie se beeld te gebruik, ons kan help om tot ons senior lidmate, ons vroue, ons mans, ons kinders, ons jongmense, ons gesinne ens., eerder veiliger paaie te bou/ besig te wees met die noodsaaklikste sake wat hul lewens kan red, as om maar net besig te wees om mooi Christelike diens te lewer, terwyl ons nie eintlik die grootste nood en behoefte aanspreek nie.

Kom skakel in, kom gee u insette, kom wees deel van die kerk as liggaam van Christus, kom staan in Sy diens: hou die Rietfluit afkondigings-blaadjie dop vir vergaderings-datums van die Taakspanne (u is welkom om sommer net by die vergadering op te daag waar u voel u 'n verskil kan maak), of skakel een van die leraars en vind meer uit waar u kan inskakel en 'n verskil kan maak.



De Leon Tait



Maandblad

Julie 2009

2009 is die jaar van herlewering

Herlewering: die wonder van lewensverandering



Die herlewingsweek is verby en was dit nie 'n geestelike fees nie? Oud en jonk het die Woord nuut gehoor en God saam lofprijsend aanbid! Talle lewens is diep geraak en verander. Loof Hom wat met ons kragtig op pad is.

God aanvaar ons net soos ons is, maar los ons nie soos ons is nie! Hy spesialiseer daarin om ons lewens te verander sodat Christus al meer deur ons kan leef. Vanaf ons geestelike geboorte het God se veranderingswerk in ons lewe begin en hy gaan daarmee voort tot Hy ons kom haal (dan voltooi Hy die werk van lewensverandering in ons vgl 1 Joh 3:2).

Vanaf 26 Julie begin ons saam as gemeente die avontuurlike pad van **Efesiërs 4** loop. Dit is 'n ontdekkingstog wat jou lewe en die hele gemeente se lewe gaan verander. Soos met die 40 dae gaan ons by ten minste sewe geleenthede op Sondag diep delf om geestelike-goud uit te haal. Die omgegroepe sal elke week saam-praat-papiere kry oor dieselfde onderwerp. Die oggenddienste sal DV soos volg verloop (die jeug gaan in die aande die tema hanteer):

- **26 Julie** skop ons af met die tema: **Lewensverandering is vir almal!**
- **2 Augustus:** *Drie redes waarom ons sukkel met lewensverandering*
- **9 Augustus:** *Die sleutel en krag tot lewensverandering*
- **23 Augustus:** *Hoe werk dit in die praktyk?*
- **6 September:** *Hoe weet ek of ek regtig verander?*
- **20 September:** *Hoe om slegte lewensgewoontes te oorwin?*
- **18 Oktober:** *God se geestelike oefenprogram*

Ons sien uit om saam met jou hierdie ontdekkingstog mee te maak! Bid en berei voor vir hierdie saamloop. God beplan groot dinge vir ons.

Ds Leon van Niekerk

!! Onthou-Datums !!



- ✘ 20 Julie Skole open
- ✘ 21 Julie @ 18:30-20:00 Lidmaatskap verwelkomingsgeleentheid
- ✘ 26 Julie @ 9:00 & 18:30 Afskop van die *Wonder van lewensverandering-reeks*
- ✘ 26 Julie @ 9:00 Gemeente-tee
- ✘ 26 Julie @ 9:00 Bekendstelling van 'n Moot Omgee-aksie

OMGEEGROEPE

Waaroor gaan dit - Wat sê die Bybel?

- **Die familie van Christus:**

Ons as kinders wat uit die Hemelse Vader **wedergebore** is, is broers en susters van mekaar en het daarom 'n **verantwoordelikheid** om vir mekaar te sorg, lief te hê en om te gee (Rom 8:14-17, Eff 2:19, 1 Tim 3:15).

- **Die liefde van Christus word sigbaar:**

Die kerk moet so **georganiseer** word dat dit ruimte skep vir lidmate om mekaar beter te leer ken sodat hulle mekaar lief kan hê en in daade van opoffering vir mekaar **te sorg**. So sal Christus se liefde, 'n tasbare en sigbare **belewenis** word (Joh 13:34-35, Ef 4:2-3, 1 Joh 4:20-21).

Die geheim om mekaar lief te hê is om in **mooi verhoudinge** met mekaar saam te lewe. Verhoudinge ontwikkel waar daar **tyd spandeer** word aan mekaar. Waar ons meer tyd het vir mekaar, ontwikkel daar 'n **openheid** en 'n **vertroulikheid** wat maak dat ons behoeftes vir mekaar sal oopmaak. Eers dan kan ons mekaar **dien** en met ons gawes mekaar help en uiteindelik **groei** ons so geestelik.



deel 2 van 3 – **vervolg**...

Taakspan vir Senior Lidmate



Die taakspan be-oog om binnekort 'n omvattende opname by senior lidmate te maak tov hul versorgings-, sosiale- en geestelike behoeftes, ten einde te poog om sover moontlik daarin te kan voorsien. Senior lidmate word gevra om al hul behoeftes so volledig moontlik te bepaal, sodat dit wat ontbreek in die taakspan se vraelys deur hulle aangevul kan word. Die mikpunt is om die hele gemeente, jonk en oud, by die aksie te betrek. Daar word 'n beroep op Senior lidmate (wat nog in staat en bereidwillig is) gedoen om by die aksies van die taakspan in te skakel om sodoende 'n sterk eenheidsband te vorm. Woensdagoggende se kuierhoekie by ds Ernst Rischmüller se pastorie om 09:00, is op ope uitnodiging aan almal, so ook die bybelstudie te Huis-Janri, elke Dinsdag om 09:30. Word deel van die Senior lidmate-familiegroep, en skakel in. Hoor wat sê Spreuke 18:1: "Hy wat hom afsky soek sy eie begeerte. Hy sal ook alles wat ten goede strek, teenstaan." (o.v) Die taakspan ontvang graag voorstelle in verband met die bediening van Senior lidmate. Indien u meer inligting verlang of by die taakspan wil inskakel, kontak gerus ds Ernst Richmüller @ (012)330-0632 of Piet Barnard @ (012)331-0765.

NUUT – KOMPETISIE - WEN!!

'n Gemeente advertensieblaadjie/boekie/gids word beplan in die nabye toekoms. Dit gaan apart van die Rietfluit staan, maar word daarmee saam versprei. Die doel daarvan is om 'n diens te lewer vanaf die gemeente aan die gemeente, teen bekostigbare tariewe. Advertensies van dienste, hulp, persoonlik, werksoekers, items te ruil, en vele meer sal daarin geplaas word. Die weeklikse Rietfluit afkondigings gaan dus nie meer privaat advertensies akkommodeer nie – dit sal dan maandeliks in hierdie boekie geplaas word.

Hou hierdie spasie dop vir verdere inligting!!

Kompetisie: 'n Gepaste naam word gesoek vir die advertensieblaadjie. Alle lidmate word uitgenooi om deel te neem. Indien jou voorstel gebruik word, wen jy 'n kwart bladsy (95mm x 65mm) advertensie vir **6 maande GRATIS!** **Sluitingsdastum** vir kompetisie: **24 Julie 2009**. Stuur jou voorstel vir 'n naam per sms of e-pos aan **083 235 0236** of frieda2@mtnloded.co.za.

Formaat: Riet komp – voorgestelde naam - jou naam en telefoonnommer!

Die wenner sal in kennis gestel word teen 27 Julie 2009 en gepubliseer word in die Rietfluit en eerste uitgawe van blaadjie.



Redaksie



Bediening vir “Diens”



Soos die naam van die bediening aandui, is ons doelwit die geestelike en fisiese bediening van ons gemeentede. Anders gestel, om **diens** te lewer aan almal in ons gemeente, sodat ons kan groei in ons verhouding met ons Here en met mekaar.

Vir die puik lewering van diens, word die werk verdeel onder 'n paar Taakspanne, nl:

- **Taakspan vir Gesinne** – om die gesinne in ons gemeente te bou met geleenthede wat fokus op verhoudings tussen eggenote, of tussen ouers en kinders of om die wonderlikheid van ma- of pa- of kindwees te vier!
- **Taakspanne vir Kinders en Jeug** – om ons kinders en jeug deel te maak van ons gemeente en toe te rus om hul rol as Christene in die wêreld uit te leef.
- **Taakspan vir Seniors** – om vir ons seniors geleenthede te gee om hulself uit te leef, hul oudag te geniet, en steeds 'n diens te lewer aan ons gemeente.
- **Taakspan vir Vroue** – om die vroue in ons gemeente saam te snoer in 'n goeie span Tuisteskeppers – dink maar aan die pragtige nuwe badkamers en die mooi nuwe kombuis van ons kerkgeboue.
- **Taakspan vir Ampte** – om al die ampte te organiseer om sodoende ons gemeente effektief te bedien tydens nagmaal, eredienste, huisbesoek of siekebesoek.

Lees gerus hier na oor die aktiwiteite van die Kinders -, Gesins- en SeniortaaKspanne. In 'n volgende uitgawe vertel ons meer oor die taakspanne vir Jeug, Vroue en Ampte binne die Bediening vir Diens.

** Indien u meer inligting verlang of betrokke wil raak by die Bediening vir Diens tree gerus in verbinding met enige van die bedieningsleiers: Peet Dorfling @ 084 464 7102 of Gert Kok @ 072 120 2952.

Taakspan vir Gesinne Ekstra sprankel in hul liefde!!



“Baie ‘nice’ ”. Dit is hoe een van die verloofdes wat die afgelope reeks huweliksgesprekke by ons gemeente bygewoon het, dit beskryf het. Sy het uitgebrei dat sy veral gehou het van die persoonlikheids-analise wat hulle as deel van die kursus gedoen het. Sy sê dit het hulle as verloofde paartjie laat beseef dat hulle twee heeltemal teenoorgestelde mense is, hulle mekaar moet aanvaar en dit bygedra het om mekaar beter te verstaan. Sy sê hulle voel beter voorberei vir hul huwelik en verhouding.

'n Ander verloofde se opinie van die kursus: Die besprekingspunte, wat hy en sy verloofde onderling met mekaar moes hanteer, is as baie waardevol beleef. Hy sê ook dat hulle sekere aspekte bespreek het waarvoor hulle andersins nog nooit voorheen met mekaar gesels het nie. Hy sê buiten die kursusmateriaal, skemer ds van Heerden se eie praktiese ondervinding om met huwelikspare te werk, duidelik deur.

Hoewel die meerderheid paartjies wat die afgelope reeks huweliksgesprekke bygewoon het jonger mense was (getroudes en verloofdes), is die gesprekke ook bedoel vir ou-getroudes, jong-getroudes, verloofdes en selfs verliefdes.

Agt Groei-gewoontes vir 'n vreugdevolle huwelik:

Hierdie praktiese gewoontes is een van die vele elemente wat hanteer is tydens die afgelope kursus.

Eenkeer per dag:

- Maak tyd om aan mekaar te raak (selfs al is dit net 'n minuut lank).
- Kry iets wat julle albei laat lag.

Eenkeer per week:

- Doen iets aktiefs wat julle beter sal laat voel.
- Help jou maat om in hom- of haarself te glo.

Eenkeer per maand:


- Raak ontslae van die skadelike aanpaksels.
- Laat die passie in die slaapkamer smeul.

Eenkeer per jaar:

- Evalueer jul top-tien-hoogtepunte.
- Beplan jul roete vir die jaar wat voorlê.

Huweliksverryking 2010 – “The Time-Starved Marriage”

Nee, dit gaan nie in Engels wees nie! Die Engelse benaming hierbo is slegs die tema waarop die volgende reeks gesprekke gebaseer word. Volgende jaar se huweliksnaweek is lankal reeds beplan en ons kry die bekende sprekerpaar **Arnold Moll** en sy vrou. Dit gaan 'n **GROOT** geleentheid wees en pare sal vooraf moet inskryf. Dit sal DV plaasvind vanaf die Vrydagaand tot die Sondag, **30 April – 2 Mei 2010** by Rietfontein-Suid. Stel sommer solank 'n “reminder” daarvoor op jul albei se selfone om betyds in te skryf! Vir verdere inligting kontak ds Leon van Heerden @ (012)331-3023 of Bertus Theron @ 082 532 4097.



Taakspan vir Kinders **Kleuterkerk &** **Junior Kategese**

Die Junior Kategese is onder die Taakspan vir die Kinders ingedeel in die Diensbediening. Die Junior Kategese bestaan uit die volgende:

- Kleuterkerk (vir alle kinders van 3 jaar tot Graad O (of R));
- Graad 1 tot 6 leerders en;
- Graad 7 leerders – slegs vir die eerste semester, waarna hulle saam met 'n kategeet oorskui na die Senior Kategese wat Sondagaande plaasvind.

Ons begin Sondagoggende om 08:50 reeds sing en vanaf 09:00 word 'n Kindererediens aangebied. Daarna verdaag die kinders na hulle onderskeie klasse waar hulle tot 10:20 onderrig kan word.

Daar is op 'n Kerkraadsvergadering in 2008 besluit dat die oggenddienste nou tot 10:15 voortduur en daar word 'n beroep op die ouers gedoen om nie die kinders vroeër as 10:15 te kom afhaal nie. Die Kategete bied 'n les aan wat dan onderbreek word en die kinders kry dan nie die volle boodskap soos beplan nie. Alle kinders kom naastenby om 10:20 in die saal bymekaar, waar u hulle dan kan kom afhaal.

By die Junior Kategese glo ons dat die enigste ding wat ewigheidswaarde het, God se liefde vir ons is. Hy is **ONVOORWAARDELIK** lief vir ons en verseker ons dag na dag van sy liefde, leiding en sorg. Daarom is dit ons plig om die kinders elkeen ook so lief te hê.

Gesamentlike Kinderdienste in die Kerkgebou:

Soos in 2008, word daar een kinderdienste per kwartaal gehou om die kinders en ouers die geleentheid te gee om saam as 'n gesin 'n diens in die Kerkgebou by te woon. Na afloop van hierdie dienste, is daar 'n kaartjie by die toring beskikbaar, wat die kinders die daaropvolgende Sondag moet inhandig om aan te dui dat hulle die kinderdienste bygewoon het.

Nagmaaldienste:

Gedurende nagmaaldienste word met die gewone Kategese-program aangegaan en kinders moet dit dus steeds bywoon.

Riekies en Bybelbende:

Die Riekies en Bybelbende het in 2008 min aftrek gekry en uiteindelik doodgeloop. Daar is dus besluit om nie daarmee voort te gaan in 2009 nie.

Leerprogram:

Ons volg hierdie jaar die leerprogram "*Lesse wat Leef*", wat deur Susan Fourie saamgestel is vir gebruik van die Junior fase.

Kostes:

Soos in 2008, kry die kinders nie handboeke nie, sodat ons die ouers die onkoste daaraan kan bespaar.

U is egter welkom om enige donasies vir my of Malinda Rademeyer te bring of saam met die kinders te stuur. Donasies kan ook by die Kerkkantoor afgegee word en moet dan net baie duidelik gemerk word: "Junior Kategese".

Alle donasies word in ons rekening gehou vir:

- die aankope van skryfbehoeftes en kunsmateriaal vir die werksinkels (elke laaste Sondag van die kwartaal);
- die druk van die Penniefluitjie;
- die maak van afdrukke van die handboeke vir die Kategete;
- die maak van afdrukke / fotostate van taakkaarte / aktiwiteite wat in die klasse aangebied word en;
- aankope van DVD's of CD's of ander materiaal wat in die klasse gebruik word.

Penniefluitjie

Die kinders het hul eie "koerant" of "nuusblad" wat die Penniefluitjie genoem word. Daar word gepoog om ten minste een maal per kwartaal een vir hulle saam te stel en uit te deel. Ouers is ook welkom om bydraes in te stuur – dit kan per e-pos aan my gestuur word, of u kan dit by die Kategese per hand aflewer.

Wat word van die kinders verwag?

Daar word van die kinders verwag om elke Sondag hul **Bybels**, sowel as 'n **potlood of pen** saam te bring. Ons hoofdoel is om by hulle 'n liefde vir God Drie-Enig en sy woord te kweek en die beginpunt is die Bybel.

Wat word van u as ouers verwag?

U, as doopouers, het reeds u belofte voor God afgelê dat u u kind(-ers) in sy weë sal onderrig en lei. Ons as Kategete is deel van u ondersteuningsnetwerk in hierdie taak.

Primêr bly dit die ouerhuis waar alle kinders hul eerste kennismaking met God se liefde en genade moet kry, maar by die Junior Kategese help ons om hul kennis uit te brei en probeer ons hul liefde vir God en die Bybel te versterk en so prakties moontlik op hul lewens van toepassing te maak.

U is meer as welkom om enige Sondag die Kindererediens by te woon en ons wil u aanmoedig om u kind(-ers) se Kategeet te leer ken. Indien daar enigiets is waarvan u ons wil bewus maak of wat ons moet weet, neem asseblief die vrymoedigheid om met ons te kom gesels. Alle inligting word vertroulik hanteer en ons dra werklik net die beste belange van elke kind op die hart.

Groete in Jesus.

Lita Spreeth

Junior Kategesehoof

Kontaknommer: 082 453 8421

E-pos: lspreeth@sars.gov.za

